



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30)
AFDELING C: Korter transaksionele tekste (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
AFDELING A: 80 minute
AFDELING B: 40 minute
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.


AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 My skoolloopbaan ... die hoogte- en laagtepunte. **[50]**
- 1.2 *Dit* maak my skool beter as jou skool! **[50]**
- 1.3 Is prefekte die oplossing vir die skool se probleme? **[50]**
- 1.4 As ek tog net 'nee' in plaas van 'ja' gesê het. **[50]**
- 1.5 Ons maak oogkontak ... en ek wéét vandag gaan die beste span *nie* wen *nie*. **[50]**
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daarvoor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.


1.6.1




[Bron: *You*, 27 Februarie 2014]

[50]

1.6.2

[Bron: *Tuin Paleis*, Julie 2006]**[50]**

1.6.3

[Bron: *Clip Art*]**[50]****TOTAAL AFDELING A:****50**

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 FORMELE BRIEF

Jou skoolhoof en onderwysers het jou ondersteun toe jy deur 'n moeilike tyd gegaan het.

Skryf 'n **formele brief** aan die skoolhoof waarin jy hom/haar en die onderwysers bedank.

[30]**2.2 CURRICULUM VITAE EN DEKBRIEF**

'n Bekende musikant wil oudisies in jou dorp hou. Hy/Sy benodig plaaslike kunstenaars om in sy/haar volgende vertoning in jou dorp te gebruik.

Skryf jou **CV** en **dekbief**.

[30]**2.3 INFORMELE VERSLAG**

Jou skool het jou gevra om uit te vind of die leerders handboeke *of* tablette (iPad) in die klas wil gebruik.

Maak gebruik van die aangehegte vorm om jou **verslag** hieroor te skryf.

[30]**2.4 ONDERHOUD**

Een van jou skoolmaats is gekies om Suid-Afrika in sy/haar sportsoort te verteenwoordig.

Jy wil 'n onderhoud met hom/haar daaroor voer en dit in jou skoolkoerant publiseer. Skryf die **onderhoud** tussen jou en die klasmaat neer.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 ADVERTENSIE

Jy wil jou Graad 12-notas en handboeke verkoop wanneer jy die skool verlaat.

Ontwerp 'n **advertensie** wat jy op jou skool se kennisgewingbord kan sit.

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE versierings NIE. **[20]**

3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Dit was jou laaste formele saalbyeenkoms in die skool

Deel jou gevoelens daar oor met jou **dagboek**. **[20]**

3.3 VERDUIDELIKING

Daar moet vir nuwe prefekte in die skool gestem word.

Verduidelik puntsgewys aan die Graad 8's hoe die **stemprosedure** in jou skool plaasvind. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

2.3 INFORMELE VERSLAG

NAAM: _____

TITEL VAN DIE VERSLAG:

NAAM:

DATUM:

OPSOMMING:

INLEIDING:

UITEENSETTING:

SLOTSOM:

AANBEVELINGS:
